
# GELYKENIS VAN DIE SAAIER

LES 1




**Mattheus 13:3-4**

3 En Hy het baie dinge deur gelykenisse tot hulle gespreek en gesê: 'n
Saaier het uitgegaan om te saai;
4 en terwyl hy saai, val 'n deel langs die pad, en die voëls het gekom
en dit opgeëet.
5 En 'n ander deel het op rotsagtige plekke geval waar daar nie baie
grond was nie; en dadelik het dit opgekom, omdat daar geen diepte
van grond was nie;
6 maar toe die son opgaan, is dit verskroei, en omdat dit geen wortel
gehad het nie, het dit verdroog.
7 En 'n ander deel het in die dorings geval, en die dorings het opgekom
en dit verstik.
8 En 'n ander deel het in die goeie grond geval en vrug opgelewer: die
een honderd-, die ander sestig-, die ander dertigvoudig.

Jesus het gehou van stories vertel. Stories verduidelik iets net soveel beter en is lekkerder om na te luister.


Die stories wat Jesus vertel het word genoem gelykenisse.

Vandag gaan ons lees en leer van die gelykenis van die saaier.

Dit is ook nou ‘n goeie tyd om van saai te praat want AL die boere begin nou saai.

Het julle al krummeltjies of saaitjies buite gegooi? Wie het al gesien wat gebeur met daardie saaitjies of krummeltjies as jy dit buite gooi?

Die voeltjies kom en eet lekker daaraan. Sommer swerms en swerms voeltjies.






# GELYKENIS VAN DIE SAAIER

LES 1

Nou in hierdie storie vertel Jesus hoe daar 'n saaier was wat saad gesaai het en net soos hy saai val daar saaidjies langs die pad en die voeltjies kom eet dit op.





Wat dink julle beteken hierdie storie?
Hoekom is hierdie storie so belangrik dat Jesus dit vir almal vertel?

Ek dink die saad wat gesaai word is die woord van God.  Dit wat pastoor of ek of die juffrou by die skool vir julle vertel van Jesus.  Praat uit die bybel en vir julle leer van wat die Bybel se en wat God wil hê ons moet doen.

# GELYKENIS VAN DIE SAAIER

LES 1

As die saad wat gesaai word die woord uit die bybel is, wie is die saaier dan?

Die saaier is mos iemand wat die saad versprei.  Dit kan enigiemand wees wat uit die bybel vir ons leer.





Nou wat dink julle moet met saaitjies gebeur om te kan groei?

Hulle moet in goeie grond val, hulle moet water kry sodat hulle kan mooi groei.
Dink julle die saaitjies wat op die pad val gaan lekker kan groei?

Hulle sal seker as daar een of twee op 'n stukkie geval het wat die grond lekker los is en klam is.  Maar wat het gebeur met die saad wat op die pad geval het?

Die voëltjies het dit kom eet want dit het gaan lê op die harde pad bo-op die grond maklik vir die voëltjies om dit te sien en op te pik.

Maar as die saad die stories uit die bybel is en die saaier is die persoon wat ons vertel uit die bybel uit.  Wat is die voëltjies dan?

# GELYKENIS VAN DIE SAAIER

LES 1

Die voëltjies is alles wat maak dat ons nie luister na wat gesê word in die kerk nie of daar waar iemand vir ons uit die bybel wil leer.

Die ding wat jou aandag aftrek soos, om eerder met 'n maaitjie te speel, die speelgoed wat te lekker is om mee te speel, die inkleur prentjie wat jy eerder wil inkleur of die papier jet wat jy eerder wil vou.



Hoe keer ons dat die voëltjies daai saaitjies kom op pik?
Ons luister mooi na wat vir ons gesê word en vertel word. Wanneer ons bybel lees gee ons mooi aandag.

Kom ons bid:


Jesus, dankie dat U vir ons in stories kom vertel wat U vir ons wil sê sodat ons mooi kan vertsaan. Dankie dat U mense vir ons gestuur het om vir ons te kom vertel wat in die bybel staan. Help ons om mooi te luister na wat gesels word en Heilige Gees help ons om te verstaan wat in die woord staan en vir ons vertel word.
Amen.





# GELYKENIS VAN DIE SAAIER

LES 1



# GELYKENIS VAN DIE SAAIER

LES 1



# GELYKENIS VAN DIE SAAIER

LES 1




**MATTHEUS 13:3-4**

3 EN HY HET BAIE DINGE DEUR GELYKENISSE TOT HULLE GESPREEK EN GESÊ: 'N SAAIER HET UITGEGAAN OM TE SAAI;
4 EN TERWYL HY SAAI, VAL 'N DEEL LANGS DIE PAD, EN DIE VOËLS HET GEKOM EN DIT OPGEËET.



# GELYKENIS VAN DIE SAAIER

LES 1

## WORDSEARCH

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| M | T | L | H | L | I | O | S | X | S | T | S | R | C | Q |
| K | V | H | L | E | N | Z | K | M | G | D | F | U | C | D |
| V | C | B | H | L | W | R | O | C | K | Y | E | T | N | Z |
| P | N | T | M | B | L | V | S | Z | N | W | R | E | N | C |
| P | A | M | C | A | W | T | Y | T | R | B | E | F | S | L |
| P | F | C | M | R | N | F | H | Z | E | I | V | E | Y | X |
| M | C | F | K | A | W | O | H | K | W | R | X | R | D | B |
| D | K | R | L | P | R | K | D | Y | O | D | T | Q | T | S |
| L | V | P | V | N | Z | L | B | Y | S | S | R | R | B | Q |
| P | W | R | S | L | F | R | U | I | T | L | B | F | T | H |



BIRDS
FRUIT
PARABLE
PATH
PLANTS
ROCKY
SEEDS
SOIL
SOWER
SUN
THORNS
WEEDS

© 2022 truewaykids.com